

Kategeet werkblad: 6 Maart 2011

Teksgedeelte:

Jesaja 21

Agtergrond:

(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)

Elam en Medië, die plekname waarna vers 2 verwys, lê suid van Assirië en ondersteun dus die interpretasie dat dit hier oor Babel gaan. Die profeet is aan die woord. Hy praat met Juda oor die woelinge op internasionale front: '[n Harde gesig is aan my bekend gemaak: Die ontroue handel troueloos, en die verwoester verwoes. Trek op, Elam! Beleër, Médië]!' Assirië is *troueloos* en *verwoes*. Elam en Medië wat deur Assirië bedreig word, doen wat enige land of stad in sulke omstandighede doen. Maak reg vir oorlog. Dit is hard, verskriklik hard. In dieselfde sin kom die Here aan die woord: '[Aan alle gesug maak Ek 'n einde]'. Die tyd van sug gaan ook verby.

Die Here steek nie 'n stokkie voor die oorlogsplanne nie, maar Hy gee die versekering dat dit nie vir ewig sal aanhou nie.

Vers 3-4 sê watter uitwerking die aankondiging op die profeet self het. Die profeet voorspel nie oorlog nie. Hy leef naby die Here. Die Heilige Gees stel hom in staat om deur die Here se oë na sy wêreld te kyk. Wat hy sien, vul hom met angs. Die profeet is só bang dat selfs die aandstille wat hy altyd geniet het vir hom 'n verskrikking geword het. Wat sien hy? Assirië wat Babel vernietig. In hierdie stadium tussen 710 en 700 v.C. is Babel en Juda nog bondgenote. Babel was Juda se laaste hoop. Hoe gaan Juda die Assiriese juk sonder Babel afgooi? As die grote Babel nie eens kan standhou teen die Assiriërs nie, hoe gaan Jerusalem dit regkry?

'n Paar jaar later in die sesde eeu voor Christus toe die Babiloniërs die wêreldheersers was en Juda na Babel weggevoer het, was hulle aartsvyande.

In vers 9 sê die profeet vir Juda wat hy sien: '[En kyk, daar kom 'n stoet manne, ruiters twee aan twee. Toe het hy aangehef en gesê: Geval, geval het Babel, en hulle het al die gesnede beelde van sy gode verbrysel teen die grond]'. Die soldate wat die profeet sien, is Assiriërs op pad na Babel toe. Babel sal nie weerstand kan bied nie. Dit bring ons by wat die profeet eintlik vir Juda wil sê. Hulle kan nie hulle hoop op Babel vestig nie. Van Babel en sy gode bly daar niks oor nadat Assirië met hulle klaar is nie.

Wat sê die Here van die leërskaar? Magtiges maak oorlog. Koninkryke kom en gaan. In hierdie wêreld is geen vastigheid nie.

Vers 11: Die wag of die profeet is nog steeds aan die woord. Iemand roep na hom van Seir af. Die vraag is beeldryk verwoord. Dit is nie net 'n vraag uit Seir nie, maar ook uit Juda. Dit gaan oor meer as net wanneer is die nag verby? Wanneer is die swaarkry verby? Die herhaling onderstreep die intensiteit van die swaar. In vers 12 antwoord die wagter, die profeet: '[... Die môre kom, en ook die nag. Wil julle vra, vra dan; keer terug, kom]'. Die nag, die swaar gaan verby, want die môre kom,

maar die nag kom ook weer. Hou gerus aan vra wanneer verander nag in dag, maar onthou dag verander weer in nag.

Elke troonwisseling bring vir 'n oomblik verligting, ook maar net totdat verdrukking in 'n nuwe gedaante sy kop begin uitsteek.

Verwagte uitkoms:

Die klem lê veral op die laaste twee verse. Dit onderstreep dat in die lewe dit soms swaar en goed gaan, maar te midde van ons swaar en goed is God steeds teenwoordig. Die swaar of die goed bedreig nie vir God nie en daarom kan ons aan Hom vashou.

Aksie:

Doolhof

Benodighede:

- 'n Blinddoek vir elkeen in jou groep.

Aanwysings:

- Elke een in die groep word geblinddoek, behalwe jy wat die klas gaan rondlei.
- Hulle hou hande vas en word oor verskillende dele van die kerkterrein gelei, sommige makliker en sommige moeilike dele.
- Die makliker dele kan julle vinniger doen, terwyl die moeiliker dele meer tyd gaan neem.
- Moedig hulle aan om mekaar te help en mekaar te waarsku.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Watter sintuie van jou het die hardste gewerk tydens die ervaring?
- Was daar enige verrassings?
- Wat het jou houding/gedrag die meeste beïnvloed?
- Wat het jy gehoop/gedink/gevrees gaan gebeur, maar dit het nie gebeur nie?

Hart vrae:

- Wie was bang? Hoekom? **Of** Wie was nie bang nie? Hoekom?
- Wat was jou mees kontrasterende ervaring?
- Watter vorige ervarings was die meeste soos hierdie?

Skoppens vrae:

- Wie in die groep het vir jou die meeste beteken tydens die ervaring?
- Hoe vergelyk die staptog met die lewenspad? (Struikelblokke, klippe, donker, takke, het mense nodig, kan nie sien nie, maklik loop, ens.)
- Hoe is hierdie gedeelte soos die gedeelte wat ons in Jesaja 21 gelees het [Lees dalk weer verse 11 en 12, die toepassingsgedeelte is die antwoord].
- Wat het jy geleer uit die ervaring of Teksgedeelte van mense wat voor jou al soortgelyke ervarings beleef het?
- Hoe pas God vir jou in die prentjie?

Klawers vraag:

- Hoe sou die ervarings (die stap en die Teksgedeelte) jou in die toekoms kan help?
- Is God net by ons in die goeie/slegte tye?
- In watter situasie gaan jy dit wat jy nou geleer het, in die toekoms onthou?